

Saterdag 17 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 8:1-3, 9-14

Fokusgedeelte: Hosea 8:9

Ware godsdiens is om by die Here alleen hulp te soek

In sy getrouheid en liefde waarsku die Here vir Israel – die waarskuwingsbeuel word geblaas. Die roofvoël (Assirië) draai reeds om Israel, gereed om op sy prooi af te skiet. Hulle lewe onder die waan dat niks sal gebeur nie, omdat hulle Israel is wat God ken en kwansuis aan Hom toegewyd lewe.

Israel is klaar ingesluk – en tog soek hulle leiers hulp by Assirië. Hulle is soos 'n bronstige wildedonkie wat oral rondhardloop om bevrediging en bevrugting te soek.

Hulle het hulle hoop eers op selfaangestelde konings en leiers geplaas, en toe vir hulle-self afgode gemaak. Toe dit nie help nie, het die konings van Israel selfs by die groot onderdrukker van die dag, Assirië, gaan hulp soek. Later sou hierdie selfde Assirië swaar belastings op hulle lê en hulle uiteindelik heeltelmal in ballingskap wegvoer.

Tog vreemd waarheen selfs ons gelowiges vlug om sekuriteit te soek in oomblikke van nood. Ons vlug na ons eiegemaakte godsdienstige rituele. Of na ons afgode, soos groot bankrekenings of akademiese vermoëns. As ons nie daarin hulp kry nie, soek ons ander mense om ons te help. Ons dink alles sal vanself beter wees as daar ander leiers in ons land is.

Die uitnodiging in Jesus Christus kom vandag weer na ons toe: “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig” (Matt. 11:28-30).

Moet op prinse nie vertrou nie. Salig is die mens wat sy hulp en sy hoop van die God van Jakob ontvang.

Sing: Psalm 146-1:2, 3

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)